



# Saadkwaliteit van soja's bespreek

EMILE VAN DEN BERG, DuPont Pioneer

**G**oeie saad vorm die grondslag van goeie gewasproduksie. Daarom is dit een van die belangrikste beleggings wat 'n produsent kan maak.

Die definisie van goeie saadkwaliteit is egter baie kompleks. Verskeie faktore, soos genetiese suiwerheid, klimaat, insek-skade, siektes en ook vogpersentasie tydens stroop, beïnvloed saadkwaliteit. Daarbenewens kan stropverstellings asook die hantering en berging van die saad insgelyks 'n groot invloed op die uiteindelijke ontkiemingspersentasie en groeikragtigheid van die saad hê.

Dit is belangrik om te onthou dat saad 'n lewende organisme is. Daarom kan die kwaliteit van die saad met verloop van tyd verander. Ontkiemingsvermoë kan lank stabiel bly, maar sal mettertyd slegs verswak soos wat saad verouder.

Groeikragtigheid is die vermoë van saad om onder moeilike omstandighede, hetsy koue, hitte, droogte of te veel water, 'n lewensvatbare saailing te ontwikkel. Die heersende klimaat wat tydens 'n produksiejaar geld, kan 'n groot invloed op die kwaliteit van die saad uitoefen.

Waarom die klem op goeie saadkwaliteit? Omdat dit uiteindelik maar dié komponent is wat plantestand en opbrengs gaan bepaal. Bo en behalwe die bereiking van 'n ideale plantestand, is die ideaal om hierdie saad so homogeen as moontlik in die ry en oor die land te spásieer.

Dit is die probleem van hoëstand-aanplantings van swakker ontkiemende saad – daar ontstaan gekonsentreerde bondels plante wat onderlinge kompetisie skep en definitief nie gaan bydra tot 'n verhoogde opbrengs nie.

Elke sojaplant moet voldoende geleentheid gebied word om sonder onderlinge kompetisie tot sy volle potensiaal te ontwikkel. Wanneer dit gebeur, sal 'n mens in die praktyk waarneem dat elke plant die maksimum aantal peule ontwikkel. Indien nie, sal die langsliggende plante se peultellings geweldig varieer, wat weer kan lei tot opbrengsverliese.

Mnr Kip Cullers, die Amerikaanse sojawêreldkampioen wat al 'n opbrengs van 10,8 ton/ha met soja's behaal het, benadruk die feit dat wanneer die plante begin opkom, alle plante binne 'n 24-uur-vensterperiode uit die grond moet wees. Indien dit nie

**TABEL 1: UITEINDELIKE OPBRENGS, UITGEDRUK AS PERSENTASIE RELATIEF TOT SAAD INGEVOER VANUIT DIE VSA.**

RELATIEWE OPBRENGS	VSA SAAD	SUID-AFRIKAANS GEPRODUSEER EN GESERTIFISEER	TERUGGEHOUE SAAD
	100	75	41

gebeur nie, tree die kleiner plante as kompetisie vir die groter plante op en word opbrengs ernstig benadeel. Die absoluut homogene opkoms kan alleenlik met saad van hoogstaande kwaliteit bereik word.

## Hoe kan Suid-Afrikaanse produsente die hoogste kwaliteit saad bekom?

Saadproduksiepraktyke in die VSA is uitstekend. Uiteraard strawwe keuring van kwekers, mededinging om kontrakte te kry en vergoedingstrukture wat baie swaar op kwaliteit berus, geniet alles voorkeur in die VSA.

Tydens die produksiefase word lande verskeie kere deur saadinspekteurs besoek om onkruid-, insek- en siektebeheer te monitor. Saadlande wat nie aan die vereiste standaarde voldoen nie, word summier afgekeur, tot so 'n mate dat 150% van die uiteindelijke behoefte gekontrakteer word ten einde die top 100% as saad te kan benut.

Met oestyd word alleenlik gespesialiseerde stropers toegelaat en die proses word deurlopend gemonitor ten einde meganiese skade aan pitte uit te skakel en ook gesplete pitte te elimineer.

DuPont Pioneer het verlede seisoen beide glashuis- en veldproewe gedoen om a) voorbeelde van plaaslik geproduseerde maatskappysaad; b) plaaslike saad deur die produsent teruggehou van vorige oeste; en c) maatskappysaad geproduseer in die VSA, te evalueer in terme van ontkieming, groeikragtigheid en uiteindelijke opbrengs.

Die doel was dus nie om variëteite met mekaar te vergelyk nie, maar eerder om

die drie scenario's van saadverkryging te evalueer.

Verskeie metings is geneem waaronder die ontkiemingspersentasie, die lengte van die hipokotiel tot by die eerste trifolaat, die aantal peule per plant en die gewig per plant. Ter opsomming word in **Tabel 1** slegs gefokus op die uiteindelijke opbrengs, uitgedruk as persentasie van die hoogste opbrengs behaal.

Die hoogste opbrengs is behaal met saad vanuit die VSA. Soos blyk uit Tabel 1 het die ingevoerde saad dus ooglopend beter presteer as die plaaslik geproduseerde saad en meer as dubbel die opbrengs van plaasteruggehoue saad gegee.

Hierdie syfers is werklike syfers wat behaal is, maar uiteraard slegs illustratief omdat die kwaliteit van die saad van elk van die drie scenario's kan varieer na gelang van al die faktore wat saadkwaliteit beïnvloed.

Daar is dus 'n baie sterk korrelasie tussen die beste kwaliteit saad, goeie ontkieming en die beste moontlike opbrengs. Die sterk saailing wat ontwikkel het, tesame met die eweredige plantestand, het grootliks tot die verhoogde opbrengs bygedra.

Pioneer voer vanjaar hul sojaboonsaad in vanuit die VSA, in verkoelde vraghouders. Hierdeur kan produsente baat by:

- Die hoogste moontlike ontkiemingspersentasie.
- Sterk groeikragtige saailinge.
- Meer peule per plant.
- Meer suksesvolle plante per hektaar.
- Die hoogste moontlike opbrengs. ■



▲ Rikus Schoeman (bemarkingsbestuurder: DuPont Pioneer), Kip Cullers (VSA sojakampioen @ 10,8 ton/ha), David Hula (VSA mieliekampioen @ 27,5 ton/ha) en Heinz Oellermann (verkoopsbestuurder: DuPont Pioneer).